



Die Boodskapper

Facebook: Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

EREDIENSTE:

Daar word weeklikse eredienste vrygestel op verskeie maniere en op verskeie platforms. 'n Kort videopreek, 'n volledige klankbaan van die preek en ook die pdf-weergawe van die preek.

Die Boodskapper en saam-sing liedjies word ook weekliks aangestuurd.

Dit volgende opsies is beskikbaar:

- Facebook-blad – Pierneef Gemeente
- Gemeente se webblad- <http://ngkpierneef.co.za/>
- Gemeente Whatsapp – Kontak 076 841 1568 indien jy die erediens weekliks per Whatsapp wil ontvang

Eredienste by die Kerk hervat weer 21 Junie. Hou asb dop vir verdere reëlins.

BELYDENISKLAS:

Weeklikse Bybelstudiesukkies word weekliks geplaas in die Boodskapper en dit word per Whatsapp bespreek op Dinsdae/Woensdae.

JEUG:

Alle Jeug (Gr 0-12) wat nog nie op ons Jeug Whatsappgroep is nie, kontak asb vir ons Jeugwerker (Sandra Berger: 061 930 6540). Daar word gereeld uitdagings en interessante brokkies gedeel op die groep.

BYBELSTUDIE EN BYBELSKOOL:

Ons het die week begin met die Kleinprofeet: Haggai. Om deel te neem aan die Bybelstudie/Bybelskool of die materiaal te ontvang, kontak gerus ds Grobler.

DANKOFFERS:

Tydens hierdie tyd van isolasie wil ons jou vriendelik versoek om steeds jou dankoffer getrou te gee.

Jy kan op die volgende manier bydra:

EFT (bankbesonderhede bo-aan bladsy, kalender of webwerf), of in 'n koeverte wat gedurende die week by die kantoor afgelaai word.

Eredienste

Verdere reëlins rondom eredienste:

Ons wil graag ruimte maak vir gelowiges wat wil/kan aanbid by die kerkgebou. Omdat ons die maatreëls verantwoordelik wil toepas, gaan die erediens 'n bietjie anders lyk as wat ons gewoon is.

Wat kan verwag word?

- Jy gaan jou plek moet bespreek. Daar mag slegs 50 mense by ons byeenkoms wees, dus wanneer ons die predikant, musiek en klankspan en ander personeel inreken, sal daar slegs plek wees vir 40 besprekings.
 - Besprekings kan gemaak word deur jou naam, telefoonnommer en adres te stuur aan Steve Swart (072 137 4407), of deur hom telefonies te kontak. Die kerk moet register hou van almal wat die diens bywoon, dit help ons ook om julle beter te verwelkom by die kerk!
- Besprekings kan van Sondag af gemaak word, en moet asb gedoen word voor Dinsdag 12:00 sodat ons alles vroegtydig in orde kan kry.
 - Almal wat kerk toe kom moet asb 'n masker dra (ook gedurende die erediens).
 - By die deur sal jy verwelkom word deur iemand wat jou koers neem en help om jou hande te reinig, jy sal ook die register by die deur teken wat bevestig dat al jou besonderhede reg is.
 - Koeverte en kollektbordjies sal by die deure beskikbaar wees. Alle dankoffers moet asb in die koeverte gesit word en kan in die kollektbordjie gegooi word op pad huis toe.
 - Terwyl bywoning aangemoedig word, moet gemeentes toesien dat die nodige fisiese afstand tydens byeenkomste gehandhaaf word.
- Indien jy enige onderliggende probleme met jou gesondheid het of nie lekker voel nie, wil ons jou aanmoedig om eerder tuis te bly.
- Die preke sal steeds elektronies beskikbaar gemaak word vir die wat nog nie gereed is om die fisiese diens by te woon nie.

Covid-19 Fonds

Met al die regulasies wat nagekom moet word voordat en sodat eredienste weer mag hervat by die kerk, moet daar verskeie reinigingsmiddels en toestelle aangekoop word. Oorweeg dit asb om 'n donasie ten bate van hierdie aankope te maak. Indien jy graag 'n bedrag wil skenk, merk dit asb duidelik in die transaksie as "Covid aankope". Donasies kan in die kerk se rekening inbetaal word. Byvoorbaat dankie vir die ondersteuning!

Gaan "like" ons Facebookblad!



"Pierneef Gemeente"

Ons sien uit om almal weer gou te sien. Kom ons sien mooi om na mekaar en hou aan om verantwoordelik op te tree.

Liefde en Groete: Die Kerkrad van Pierneef Gemeente

Verjaardae die week:

6/21	Mnr	Christoffel	Groenewald	083-474 6127
6/21		Sonja	Groenewald	083-474 6127
6/22	Mnr	Andre	Du Plessis	082-974 9559
6/22	Mnr	Dewald	Fourie	083-229 5030
6/22		Amelie	Warricker	
6/23	Me	Adele	Loubser	082-394 0437
6/24	Mnr	Marnus	Human	076-450 3515
6/25	Me	Cornia	Bester	082-752 3942
6/25	Mnr	Johan	Entres	
6/25	Mnr	Fanus	Pienaar	065-963 4950
6/25	Mev	Marie	Smith	084-247 5803
6/26	Mev	Adele	De la Pierré	083-443 8160
6/26		Jaco	Prinsloo	012-333 4565
6/27	Mnr	Jaco	Nel	082-929 0757
6/27	Mnr	James	Smuts	083-948 9161
6/27	Mej	Megan	Welthagen	082-309 2046

Dorkas se Kombuis

Ons is weer aan die gang! Die matrieks is terug by die skool. Daar is sover drie gesinne wat weekliks kospakkies ontvang.

Baie dankie vir julle hulp en bydraes! Dit word opreg waardeer.



Raak
Betrokke



Gebed vir die nasies:

Dit is ballon seisoen: Elke jaar, gedurende die somer, lanseer "Voice of the Martyrs" ongeveer 30 000 Nuwe Testamente met ballone uit Suid Korea in Noord Korea in. Noord Korea is 'n land waar jy in 'n konsentrasiekamp sterf as jy met 'n Bybel gevang word of gevang word waar jy God aanbid. As gevolg van ooreenkomste tussen die twee lande, het die polisie die lansering vanjaar gestop. Na 4 dae van volgehoue gebed het die Suid-Koreaanse regering toestemming verleen dat dit mag voortgaan. Bid dat die Skrif baie in hierdie geslote land sal bereik. www.tr.im/wb24 & www.tr.im/wb24A

Gebedsbediening

KOM ONS BID VIR:

- Persone wat deur die virus geïnfekteer is.
- Families wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
- Persone wat in die voorste linie is om siek mense te versorg.
- Persone wat in die voorste linie is om die verspreiding van die virus te beperk.
- Die president en regeringsamptenare wat belangrike besluite moet neem.
- Navorsers wat 'n kuur en entstof ontwikkel vir die bevegting van die virus.
- Persone wat noodsaaklike wetstoepassingsdienste toepas het ons voortdurende gebede en ondersteuning nodig om hul in staat te stel om hulle pligte effektief en veilig uit te voer.
- Bid vir ongeredde vriende en familie.
- Kom ons verklaar dat Jesus Koning is en dat ons op Hom vertrou om meer mense na Homself sal trek. (Fil 2:9-10).
- Bid dat nuwe gelowiges in kennis en liefde vir God sal groei
- Kerke, kerkleiers en Gemeenteleiers wat moeilike besluite moet neem.
- **Bid asb** vir Mauritz Visagie en sy familie (072-152 1224).
- **Bid asb** vir Christene de la Rey wat herstel van 'n operasie
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here in hierdie tyd op.
- **Bid asb** vir Andre du Plessis en hulle familie. Andre se moeder is onlangs oorlede.
- **Bid asb** vir Marita Moolman (haar moeder is Vrydag, 19/6 oorlede).
- **Bid asb** vir Herman Botha en sy gesin. Herman se oom is verlede week oorlede.
- **Bid asb** vir Marissa van der Walt, sy was in 'n erenstige ongeluk.

Indien jy 'n behoefte het aan voorbedding stuur asb jou



Dankoffers in Afsondering

Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening in betaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v saalhuur/dankoffers ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd per eeft die normale betalings te maak. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne!

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

Vadersdag

Ek wil net graag vir my **Pa Johan Malherbe** sê baie Gelukkige Vadersdag! Mag Pa 'n wonderlike dag hê. Baie dankie vir al pa se baie liefde, omgee en ondersteuning. Ek het die beste en baie spesiale Pa!! Lief pa baie baie: Annemarie

Gelukkige vadersdag. Ek is baie lief vir pa en ek hoop pa het 'n wonderlike dag verder.

Ek is bly om pappa **Paul** as my pappa te hê. Ons is so lief vir pappa. Van die van der Walt familie.

Dierbare **Pieter Gabriël Robinson!** U is n

getroue/liefdevolle/regverdige/eerbare Vader, Oupa, Oupa- Groottes, Afrikaner en medemens! Mag God U bekragtig, om met oë op Jesus, vas te staan en die wedloop voort te sit!

Baie liefde!!!

Van almal, wat die voorreg het om n stukkie lewenspad saam met U te kan en kon loop! Mag God se sêën op U lewe rus!

Briefie vir **Henri Raubenheimer**: Aan 'n wonderlike Pa en Oupa, ons mis Pa vreeslik. Die Kaap is vaal sonder jou! Geniet die dag, love you lots. Willem, Veda, Cecile, Liam, Juliette, Francis en Max.

Happiest of Father's Day to our beloved Pappa, Oupa, Mentor and Friend. You always are the first with a funny story, great at giving advice and playing with your grandkids. The man for whom no task is too big to tackle. He embraces every challenge and change as a new adventure, loves a tinkering project and planting seeds both in ideation and in reality. We feel so lucky and blessed to have you in our lives. Your continued guidance, support and love has created an entire clan of humans filled with a thirst for adventure and a natural curiosity. Thank you for the continued lessons that we still adhere to every day; Also do your homework and show up prepared, and never lose your perspective as its the one thing that no one can ever take away from you.

Dankie dat Pa ons altyd ondersteun, vir ons en ma sorg en altyd familie eerste sit.

Pa is eerbiedig en groei met die Here elke dag en ons is so dankbaar vir dit.

May you feel loved today and every day Daddy! Met al ons liefde! Die Raubenheimer Pride

Aan 'n pa, oupa en superheld..Liefdevol, eerlikheid, beste vriend, lewens rots, vertrou en die beste braai buddy is maar net van die eienskappe wat pa die beste pa in die wereld maak. Ons dank die Here dat Hy vir ons 'n pa (**Herman Botha**) gegee het. Mag pa die dag geniet en weet dat pa ons harte verryk.. gelukkige vadersdag van kinders en kleinseun

My liefste pappa **Willie**

Dankie vir alles wat pappa vir my doen en gee . Dankie vir al pappa se tyd en liefde. Dankie dat pappa altyd daar is vir my in my tye van nood. Ek is so dankbaar dat die Here my met so amazing pappa geseën het Soveel liefde vir pappa

Met baie liefde van Lize

My liefste pappa **Regardt**, jy is die wonderlikste pappa, ons is vreeslik baie lief vir jou. Eli en Logan Els

Liewe **Leon**: ek ken hope pa's al vir jare, maar nie 'n beter 1 as jy nie! Dankie & aan jou Vader! Ek hoop dat jy & jou skoonseun jul Kalahariejagtog geniet! Van jou enigste se ma.

Liewe pa, pa is die wonderlikste mens wat altyd tyd het vir gesels en altyd daar is vir hulp. Pa is regtig die wonderlikste pa! Baie gelukkige vadersdag! Liefde Lindie & Pierre

Aan pa **Frans**: Gelukkige Vadersdag! Ons is baie lief vir pa. 'n Vadersdagboodskap is nie genoeg om al ons dankbaarheid te betoon vir al wat pa vir ons (kinders en kleinkinders) doen nie. Ons is bevoorreg om pa as ONS pa te hê! Dankie vir al pa liefde , ondersteuning en wysheid.

Liefde Pullet en Lourens

'n Pa is 'n superhero op sy eie en soos elke kind dink ek my pa is die beste. Hy is sterk en liefdevol en altyd vol grappe (al is dit droog). Hy is 'n lojale man en harde werker op wie mens altyd kan staat maak en hy is altyd 'n skouer om op te huil. Dankie Pappa vir al die laat aande se luister, troos en verstaan. Dankie vir al die stywe drukkies en konstante motivering wat pappa altyd vir ons gee. Ons hoop dat Pa 'n lekker vadersdag het. Liefde: Anrélene en Jeanré

Aangevuur deur die Bybel

Meditasie

Raak vir 'n oomblik bewus van jou asemhaling en maak jou oë toe. Dink aan 'n Spesifieke gedeelte of verhaal wat jou al deur moeilike tye gedra het. Laat die woorde sommer net in jou kop sweef.

Oorgang gedagte

Dalk is daar mense in jou huis wat hou van tydskrifte lees. Tydskrifte wil jou aan die lees kry en elke tydskrif het sy eie doel: Runners World wil jou aan die hardloop kry. Landbouweekblad wil jou help hoe om beter te boer. Maar die Bybel wil jou nie net aan die lees kry nie – deur die Heilige Gees wil die Bybel jou aan die lewe kry tot God se eer. Goeie dade OMDAT ons gered is en nie sodat gered kan word nie. Ons weet van die Bybel en ken verskeie verhale vandat ons baie klein was. Dit help nie ons sê maar net die Bybel is die Woord van God, die enigste ware rigsgnoer vir sinvolle bestaan in hierdie lewe nie. Dit moet, aangevuur deur die Heilige Gees, gebruik word om te gaan LEEF. Dalk is dit iets waarmee jy sukkel – ons sê met ons monde ons glo een ding, en dan gaan leef ons iets anders. Ons vergeet miskien te maklik en te gou dat 'n belydenis oor die Bybel, as God se Woord, eintlik niks beteken as dit nie werklik in my lewe die reality is nie.

Lees van die teks

2 Timoteus 3:14-17 (NLV)

14Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was 15en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus. 16Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, 17sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

Gedagtes oor die teks

Julle het seker al gehoor dat baie mense sê die Bybel is 'n riglyn wat ons wys hoe om te leef. Dit onderrig ons, help ons om dit wat in die wêreld stukkend of verkeerd is, raak te sien en die Bybel leer ons hoe om dan nou binne hierdie wêreld, God se koninkryk sigbaar te maak. Die, Bybel, Skrif is God se Woord in mensetaal wat die openbaring van God aan ons deurgee. Dit geld die hele Skrif, beide dit wat voor Christus geopenbaar is in die Ou Testament, sowel as dit wat deur die verkondiging van die evangelie te skrif gestel is in die Nuwe Testament. Dit is egter ook duidelik uit die Skrif dat die eksterne woorde wat deur die Skrif na ons toe kom, in ons harte moet grondvat, moet binnedring, sodat dit vrug kan dra (soos die gelykenis van die Saaier in Matt 13 dit grafies met die vrugbare grond illustreer). Daar is dus ook 'n "innerlike getuienis" van die Gees wat die Woord van God vasmaak in ons harte en lewens.

Dit het eerstens te make met die Woord self. Dit sien ons oorvloedig geïllustreer in die lewe van Jesus. Hy kon die duivel telkens antwoord vanuit sy herinnering aan die Skrif, spesifiek uit die wet, soos die Gees dit deur Moses en ander skrywers neergepen is (Deut 8:3; 6:16; 6:13). Jesus volg hier die voorskrif van die Ou Testament na, soos die Psalmis sê: "Ek het u woord in my hart gebêre." (Ps 119:11). Daarom kon Hy in die uur van sy grootste versoeking die aanslag op Hom deur die woorde van die Skrif die hoof bied. Dit is waarom die Here Jesus ons kan aanspoor om op die werk van die Heilige Gees te vertrou, want Hy sal op 'n goddelike manier in ons werk om 'n getuie van die evangelie te wees. **Dit het tweedens te make met die getuienis, liefde en gawes van die Gees self.**

Die Gees "praat" egter nie net deur die Skrif nie. Hy gee ook nie net begeleiding deur ons te "leer", "herinner", en "troos" nie (Joh 15). Hy gee ons ook die getuienis in die hart dat ons kinders van God is (Rom 8:16; 1 Joh 5:10-13). Hy stort daarby die liefde van God in ons hart uit (Rom 5:5; 1 Kor 13) en gee aan ons gawes wat ons in sy diens en onder sy begeleiding kan gebruik (1 Kor 12-14). Hierdie werk van die Heilige Gees verbind ons as lewende getuies aan die Here Jesus self Die liefde wat in ons hart uitgestort is (Rom 5:5) vorm die gesindheid waarin die gawes van God uitgeleef moet word Die gawes berus daarmee saam op die werking van die Gees wat nie net vir ons sekere vermoëns gee nie, maar wat onder sy begeleiding uitgevoer word: Dit het derdens te make met die begeleiding van die Gees self. Hierdie ervaring kan baie kragdadig wees, soms selfs beleef word as 'n fisiese ervaring, maar ander kere ook sagter en oorredend. Dit sien ons op verskillende maniere in die Skrif. In die lewe van Jesus sien ons die kragdadige kant daarvan. Markus beskryf die leiding van die Heilige Gees as 'n dryfkrag:

Saam dink vrae

Hierdie vrae is nie om jou te laat sleg of skuldig voel nie, maar eerder om jou te help dink oor hoe die Gees jou deur die Bybel aanvuur om 'n verskil in die wêreld te maak:

Dink bietjie oor hoe jy in hierdie wêreld leef?

As ons sê die Bybel is die enigste, is hierdie woord die enigste riglyn in my lewe, of net wanneer dit my pas?

Ritueel

Ons sluit nou af met 'n ritueel. Onthou rituele is nie doen-takies of huiswerk nie, eerder gewoontes wat ons help om te groei in ons verhouding met die Here. Kyk waar jy hierdie week 'n lopende Bybel vir iemand kan wees. Dalk vra dit van jou om vriendelik vir die kassier te glimlag. Om vir iemand voor jou plek te gee. Om iets nice vir iemand in jou gesin te doen. Die Heilige Gees vuur ons deur die Bybel aan om saam met mekaar te bou aan die Koninkryk van God. Kom ons gaan doen dit.

2 Konteks van die Bybel

Wanneer ons die Bybel lees moet ons onthou dat dit baie lank terug geskryf is deur verskeie skrywers in 'n antieke kultuur. Die Bybel is 'n versameling stories, legendes, gedigte, liedere, geskiedkundige verhale en nog baie meer wat oor 'n lang tydperk oorvertel en versamel is. Die antieke kultuur van daardie tyd is deel van die storie en God het in daardie tyd binne in hulle pre-moderne verstaan van die wêreld hulle ontmoet. Hulle ervaring van God en verstaan van hulle geloofstorie is dus deur hulle kultuur en hulle eie geskiedenis beïnvloed. Om die boodskap van die Bybel te ontdek, is dit dus belangrik om die konteks van daardie tyd in ag te neem. Binne in hierdie spesifieke konteks van elke verhaal is daar sleutels wat ons kan gebruik om die teks beter te kan verstaan in vandag se konteks.

Luister: Josua 6:1-21

Kyk:

- Wat sien jy raak in die prent bo-aan hierdie gedeelte?
- Hoe help dit jou om oor die tema te dink?
- Aan watter ander beelde of metafore kan jy dink om hierdie tema of teks uit te beeld?

Dink:

- Wat val jou op as jy die verhaal hoor?
- Blaai terug deur jou Bybel, plot wanneer hierdie verhaal in Israel se geskiedenis plaasgevind het?
- Wat is 'n ramshoring, die ark, priesters, die skatkis van die Here en die simboliek van die getal 7?
- Hoe dink ons vandag anders oor ander volke, oorlog, grondbesit, die waarde van mense (en diere) se lewens, verwoesting, plundertogte en God se wil?
- Het God verander van daardie tyd tot nou?
- Hoe dink jy moet 'n mens hierdie verhaal lees in die lig van Jesus se koms en die evangelie?
- In die lig van die konteks wat verander het, is daar 'n waarheid wat jy steeds uit die verhaal kan haal?

Doen:

- Google die geskiedenis van die stad Jerigo, en kyk na prente en kaarte daarvan.

Bid:

- Hoe beïnvloed nasionalisme en ons huidige land se konteks jou eie denke oor God en die wêreld? Doen biddend selfondersoek na jou eie gesindheid oor ander volke en jou moontlike vooropgestelde idees oor Sy betrokkenheid in geskiedenis.

Tiener fokus:

- Hou 'n Bybelse ete waar jul die kos en tradisies van die Ou Testament gebruik.

Familie fokus:

- Kyk op die internet hoe musiekinstrumente in die Bybel gelyk het. Maak jul eie musiek instrumente en sing 'n paar lofliedere saam.

Advertensies



353, 30th Avenue c/o Piemeef St
Villieria, Pretoria 0186

René de Waal +27 83 324 4375
Reception +27 83 291 0020

Agapanthus Guest House
"Since 2009"

agapanthusbnb@gmail.com
www.agapanthusguesthouse.co.za

Agapanthus Guest House:

Oop vir noodsaaklike dienste!

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407 of 012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpierneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

WhatsApp-groepe

Kom ons hou kontak met mekaar! Sluit gerus aan by een van die volgende groepe om in kontak te bly met almal & in die loop te bly met gemeente aktiwiteite:

Pierneef Gemeente: Gemeentegroep waar preke gedeel word

Bybelstudie: Bybelstudie inligting en gesprekke

Bybelskool: Bybelskool inligting en gesprekke

Kleingroep: Kleingroep-Bybelstudie inligting vir 20s-40s

Vintage-Tusseninners: 40s+ kuiergroep

Belydenisklasgroep: Gr 10 & 11 groep

Jeuggroep: Al die jeug in die gemeente is welkom om hiervan deel te wees. Inligting en gesprekke word gedeel

Vrouediens: Al die vrouens van die gemeente is welkom. Inligting en bemoediging onder mekaar

Motorwagte & Louis Botha kindershuis groepe: Die groepe is onderskeidelik vir ons projekte, indien jy betrokke wil raak in die tyd, sluit gerus aan

Indien jy op een of meer van die groepe gevoeg wil word, stuur gerus jou naam en die groepnaam waarop jy wil wees aan 076 841 1568.